

Primere Skool Jordania

Jaarverslag 2023



Adalé Oosthuizen (Graad R)

PRIMÈRE SKOOL JORDANIA

JAARVERSLAG 2023

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
1. INLEIDING	2
2. AKADEMIE	2
2.1 Graad R	2
2.2 Grondslagfase	4
2.3 Intermediêre- en Seniorfase	4
3. ONDERSTEUNINGSENTRUM	6
4. SPORT	7
4.1 Atletiek	7
4.2 Bergfietsry	8
4.3 Hokkie	9
4.4 Krieket	9
4.5 Landloop	10
4.6 Netbal	11
4.7 Rugby	12
4.8 Skaak	13
4.9 Tennis	13
5. KULTUUR	14
5.1 Bybelvasvra	14
5.2 Eisteddfod	15
5.3 Koor	15
5.4 Musiekblyspel - Jorrieville	16
5.5 Pom-poms	16
5.6 Redenaars	17
5.7 Voortrekkers	18
6. TOEKENNINGS	18
7. SKOOLGETALLE	19
8. SKOOLLEIERS	20
9. KOSHUIS	20
10. SOSIAAL	21
11. DISSIPLINE EN WAARDEGEDREWE ONDERWYS	21
12. OUERBETROKKENHEID	22
13. PERSONEEL	22
14. TERREIN, GEBOUE, VOERTUIE EN VEILIGHEID	23
15. FINANSIES	24
16. BEHEERLIGGAAM	24
17. SAMEVATTING	25



1. INLEIDING

Aan die einde van 2023 is dit vir die 12de keer my voorreg om die jaarverslag aan u voor te hou. Ons kyk terug met groot dankbaarheid teenoor al die partye betrokke wat gehelp het om die Primêre Skool Jordania 'n skool van trots en uitnemendheid te maak. Ons is baie dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir die genade en energie wat Hy ons gee om daaglik met die kroon van die skepping te kan werk en die baie seëninge wat ons uit Sy hand ontvang het. Hy bly steeds die Hoof van hierdie skool.

2. AKADEMIE

Die belangrikste saak vir ons hier by Jordania is die akademiese ontwikkeling van elke leerder. Ons skool volg die KABV/CAPS kurrikulum vir Graad R-7 soos deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word.

Ons leerders het akademies weer puik gevaar, waarvan ons hoë graadgemiddeldes getuig. Ons slaag- en deurvoersyfer is steeds by verre die beste van enige laerskool in die distrik en vergelyk met die bestes in die provinsie. Ons eie moderering- en ondersteuningstrukture is in plek en daardeur sorg ons dat ons ons 'n hoë akademiese standaard kan handhaaf.

Die onderwysers het sig- en aanlynwerkswinkels, asook ander opleidingsgeleenthede van die onderwysdepartement en ander organisasies soos die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), FEDSAS en die Skoleondersteuningsentrum (SOS) bygewoon.

Ons ondersteuningstelsel is verder uitgebrei deurdat leerders in die verskillende grade addisionele hulp gedurende klastyd asook na skool ontvang het. Ons werk ook, soos in die verlede, saam met verskeie terapeute om die nodige ondersteuning aan ons leerders te verskaf. Opvoedkundige in- en uitstappies het ook plaasgevind om leerders se leerervaring te verdiep. 'n Aantal akademiese kompetisies het plaasgevind waarin ons leerders baie goed gevaar het. Ons het ook hierdie jaar weer ons *#Lieflees* projek aangebied met die doel om 'n liefde vir lees te kweek en lees by ons kinders te bevorder. Ons glo dat hierdie leesprogram 'n groot impak op ons kinders gaan hê en sal ons volgende jaar daarmee voortgaan.

2.1 Graad R

Hierdie jaar het Jorrievalei afgeskop met 'n inligtingsaand waar die ouers die onderwyseresse kon leer ken en waar Graad R sake bespreek is. Al die kleuterskooljuffrouens in ons dorp ontvang ook bederfpakkies om sterkte te sê met



2023 se uitdagings. Ons Graad R maats het hul kragte gewys by ons jaarlikse atletiekdag en het hulself oortref.

Die kleuterskoolatletiekdag op 10 Februarie het uitgereën en is geskuif na 15 Februarie. Die dag het ook uitgereën. Ons het die spesiale daggie geskuif en herbenoem na die Jordania Winterspele. Baie van die kleuterskole het die inisiatief verwelkom omrede hulle nooit die geleentheid het om aan sulke geleenthede deel te kon neem nie en ook nie die spatie het nie. Daar is vir verskillende ouderdomme voorsiening gemaak en die opkoms met die dag was vir almal oorweldigend.

Op 6 Mei het ons Graad R en 1 Opedag vir 2024 plaasgevind wat baie spesiaal was. Ons Graad R juffrouens het praktiese lesse in die klasse aangebied. Ons speelgrond en klasse was netjies en het mooi vertoon. Die Graad R Netbal en Rugbydag op 26 Mei was 'n reuse sukses met baie ander Graad R skole wat ook kom deelneem het.

Op 3 Junie het ons 'n kleuterskool damesoggend gehou in die klubhuis met al die kleuterskooldames teenwoordig. Die gasspreker was Isabel Kruger wat gepraat het oor "Jy is genoeg". Die dames het regtig die oggend baie geniet en baie moeite was hiermee gedoen.

Die Graad R leerders was op 7 Augustus op 'n uitstappie na Orsmond Aviation. Leerders het geleer van vliegtuie en wie hierdie vliegtuie vlieg. Die uitstappie het aangesluit by ons Beroepe tema.

Ouma- en Oupadag op 18 Augustus was 'n baie spesiale dag. Met die tema 60's was die dag 'n fees vir beide jonk en oud. Helena Kriel het die mooiste boodskap aan Ouma en Oupa oorgedra, oor wat die vreugde van ouerskap is. Die junior koor en spreekkoor het ook bygedra tot 'n suksesvolle dag. Elke kleuter kon 'n koekie saam met Ouma en Oupa versier. Ouma en Oupa het ook 'n kunswerkie van elke kleuter ontvang wat hul huistoe kon neem.

Ons sluit die jaar af met die gradeplegtigheid en konsert, die Graad R en 1 kuierdag vir 2024 en die Jorrie snooze. 2023 was vir ons 'n baie aangename, suksesvolle, maar besige jaar met baie uitdagings wat goed aangepak is.

Angé Nel



2.2 Grondslagfase

2023 was een van die besigste jare met baie hoogtepunte wat vir ons almal by die Grondslagfase beskore was. Ons was voluit aan die werk, almal het inklusief skoolgehou met ons didaktiese klasse wat aangebied is deur Madelein Harris, Susan Kruger, Eloïse Kruger-Smit, asook Annelie Botha.

Ons was die jaar bevoorreg om met die kleiner groep Gr R en Gr 1 klasse vir elke leerder baie individuele aandag te kon gee. Dit was alles tot voordeel van die leerders. Tema gerigte aktiwiteite het dwarsdeur die jaar plaasgevind. Uitstappies en instappies het plaasgevind en elke geleentheid is aangegryp sodat ons leerders iets nuuts en anders kon beleef.

Ons het almal deelgeneem aan Jorrieville wat 'n hoogtepunt van die jaar was. Al die Grondslagfase leerders bied ook by die twee Toekenningsaande weer hul eie konsert aan.

Die Gr. 3 leerders het ons weer trots gemaak en goed uitgeblink in die Mental Maths en Spelling Bee kompetisies. Gidon Verster behaal 'n 4de plek by die provinsiale Mental Maths kompetisie.

Die Gr. R en Gr. 1 Kuidag van 2024, waar die leerders hul nuwe maats en Juffrouens sal ontmoet, vind op 10 November plaas.

Ons kan met trots terugkyk en weet dat ons 100% vir elke leerder gedoen het. Dit alles te danke aan die uitstekende GF personeel.

Susan Kruger

2.3 Intermediêre- en Seniorfase

Leerders het oor die algemeen baie goed gevaar en leerders wat nie die vereistes vir hul grade behaal het nie was baie min. Dit getuig van harde werk en moeite deur ons personeel. Talle leerders in Graad 4-7 het weer vir diamant-, goud- en silwertoekennings gekwalifiseer. Baie geluk! Toekennings per graad is as volg:

Akademiese Toekennings	Diamant (85%+)	Goud (70-84%)	Silwer (60-69%)
Gr 4	20	46	23
Gr 5	29	51	18
Gr 6	23	52	24
Gr 7	24	59	17

Ons handhaaf 'n hoë akademiese peil. Leerkrigte ontvang goeie terugvoer en verslae vanaf vakadviseurs. Ons het 'n hoë slaagsyfer en deur middel van vroeë ingryping slaag ons daarin om druipepinge te beperk. Lesse word verryk deur E-leer wat leerders se leerervaring verdiep. Ons verryk ons leerders se leerervaring ook buite die klaskamer deur opvoedkundige in- en uitstappies. Ons beloon ons akademiese presteerders deurdat hulle 'n akademiese toer kan meemaak.

Ons het vanjaar baie gedoen om lees te bevorder. Ons jaarlikse Boekeweek was 'n groot sukses en het leerders aangemoedig om meer boeke te lees. Ons het 'n "Character Dress-Up day" gehou en leerders kon 'n plakkaat maak om 'n idoom uit te beeld. Die Jorries het ook hul eie Top 10 boekelys vir 2023 saamgestel. Die tema van die week was *Today a Reader, tomorrow a Leader* en is deur die Engelse departement aangebied. Ons jaarlikse Boekuitstalling deur *Diskonto* boeke het deur die goeie verkope weereens bewys dat ons 'n sterk leeskuiluur in ons skool het. Ons biblioteek se boekuitlenings wys ook dat die meeste graad 4 tot 7 leerders aktief lees. Ons het weekliks 'n "Drop All and Read" periode waartydens almal in die skool lees. In ons "Language Across Curriculum" program het ons deur middel van ekstra klasse leesvaardighede met die leerders behandel wat gemik is op verbetering van leesbegrip.

Ons leerders het ook baie goed gevaar in die Departementele vasvra- en kompetisies. Ons het deelgeneem aan die EBW, SW en Natuurwetenskappe *Quizzes*. Ons dring in NW deur na die provinsiale rondte, waar ons Graad 6 groep 'n algehele 2de plek behaal teen die topkole in die Vrystaat.

Die personeel van Graad 4-7 word bedank vir hul harde werk deur die jaar.

Elda Louw

3. ONDERSTEUNINGSENTRUM

Die Ondersteuningsentrum bied 'n verskeidenheid van ondersteuning aan die leerders van Jordania.

Die Ondersteuningsentrum bestaan uit 'n verskeidenheid van spesialiste waaronder, senior onderwysers, spraakterapeute, sielkundiges, remediërende opvoedkundiges, arbeidsterapeute, Suid Afrikaanse Polisie diens, Kinderbeskermingsdienste, predikante en plaaslike dokters.

Akademie: Gedurende 2023 is meer as 379 kinders na die Ondersteuningsentrum verwys vir 'n groot verskeidenheid van hulp. Tans word daar gedurende skoolure aan meer as 20 Gr. 1 leerders intensiewe hulp deur Madeleine Harris verskaf. Vir leerders van Graad 2 en 3 word daar gefokus op lees met begrip en woordherkenning asook wiskunde. Die klasse word twee maal per week aan geïdentifiseerde leerders aangebied. Hierdie klasse word deur Annelie Botha, gekwalifiseerde remediërende opvoedkundige, aangebied.

Graad 4 tot 7 leerders met akademiese uitdagings word met 'n verwysingsproses na die sentrum verwys en hierdie jaar is leerders suksesvol ondersteun in die gebiede waar 'n probleem geïdentifiseer is. Konsessies, vraestelopleiding, studiemetodes en skrifoefeninge word ook by die Ondersteuningsentrum aangebied. Daar is ook noue samewerking met die Departement van Inklusiewe Onderwys om te verseker dat elke leerder die beste moontlike geleentheid kry om suksesvol te kan wees.

Emosioneel: Verskeie vlakke van emosionele hulp word aan leerders gebied by die skool. Verwysings word na professionele mense gemaak word indien nodig.

Klerebank en skryfbehoeftes: Die klerebank verskaf goeie tweedehandse klere, tasse en skryfbehoeftes aan leerders. Die klerebank is 100% afhanklik van skenkings.

Kos: Die broodjieprojek is uiters suksesvol en saam met die vrugteprojek word daar aan minderbevoorregte leerders op 'n daaglikse basis iets te ete voorsien.

Gesondheid: Met die uitbreek van die Maselsepidemie is leerders vanaf Graad R tot 7 vrywillig geïmmuniseer. 'n Suksesvolle Graad 5 dogters veldtog teen die Menslike Papillomavirus in samewerking met die Departement van Gesondheid is geloods. Beide seuns en dogters het ook vrywillig die tetanus inspuiting ontvang. In samewerking met



Mellins oogsorg kon al 105 Gr. 1 leerders vir 'n gratis oogtoets gaan. Indien daar fout is word die lense en raam gratis aan die leerder voorsien.

Ondersteuning aan die gemeenskap: Jordania werk ook nou saam met *ChangeNetSA* deur die insameling van goeie tweedehandse goedere. Hierdie is 'n verdienstelike herwinningsprojek van klere, skoene en speelgoed. Die gemeenskap word direk daardeur opgehef. *Solidariteit Helpende Hand* skenk elke Januarie skooltassies met skryfbehoeftes aan nuwe Gr. 1 leerders wat 'n behoefte het daaraan.

Jordania se ondersteuningsentrum het weer seker gemaak dat al ons leerders ondersteuning ontvang waar nodig. Baie dankie aan ouers wat ons van hulp was met goedere en dienste sodat ons voluit kon funksioneer.

Carin Botha

4. SPORT

Ons sportspanne het deur die jaar weer baie goed gevaar. Ons probeer aan kinders se fisiese, geestelike en sosiale ontwikkeling aandag gee met die aanbied van sportaktiwiteite ten opsigte van aspekte soos spanwerk, deursettingsvermoë en karakterbou. Om hierdie rede probeer ons, waar moontlik, massadeelname aanmoedig sodat soveel moontlik leerders die geleentheid kry om deel te neem en te ontwikkel.

Baie moeite word ook gedoen met leerders wat in sport buite skoolverband uitblink. Daar was ook prestasies in buite sportsoorte soos sportskiet, perdry, karate, ens. Baie dankie vir ouers en afrigters wat ook in hierdie verband harde werk verrig.

Baie dankie aan elke organiseerder, afrigter, ouer en speler wat baie moeite en tyd by sportsoorte ingesit het. Die onderskeie sportsoorte se verslae kan hier onder gesien word.

4.1 Atletiek

Wat 'n ongelooflike seisoen van Atletiek het ons nie in 2023 beleef nie!

Ons het reeds in 2022 se 4de kwartaal met atletiekoefeninge begin en ons het voorwaar die vrugte gepluk van 'n vol voorseisoen program. Ons is trots op elke atleet wat hierdie jaar deelgeneem het en spog met die hoogste getal deelnemers by meeste van die kwalifiserende kampioenskappe van die Thabo Mofutsanyana streek asook die Vrystaat kampioenskappe.



Ons lewer hierdie jaar met die hulp van buite afrigters, asook ons eie puik afrigters, 48 atlete op wat aan die Vrystaat Atletiekkampioenskappe te Bloemfontein deelgeneem het. 9 Atlete in 12 items kwalifiseer om aan die SA Kampioenskappe te Pietermaritzburg deel te neem. Hiermee die atlete se uitslae op SA's:

- Maricelle Nortjé 3de Spiesgooi o/12
- Leigh-Anne Meyer 3de 800m en 5de 1500m o/13
- Rileigh Rooiland 3de 100m en 2de seuns aflos o/12
- Demaine van Deventer 5de 1200m o/11
- Malcom Tsibela 5de 800m o/13
- Karmi Verster 8ste 1200m o/11
- Kesia Nel 8ste Diskus en 17de Gewigstoot o/13
- Lize Joubert 9de Hoogspring o/12
- Lia de Boer Semi-finale rondte 150m Hekkies o/12

Ons is baie trots op elke afrigter en atleet! Atlete het reeds begin voorberei vir die 2024 seisoen en ons sien weer uit na mooi prestasies.

René van Staden

4.2 Bergfietsry

Bergfiets is 'n opwindende sport waar leerders die wiele laat rol oor klippe, berge, sand en heuwels! Die leerders oefen twee keer per week en neem ook aan verskeie wedrenne deur die jaar deel.

Baie leerders het die wiele laat rol in hierdie jaar se XCO skole liga reeks. Daar was 4 liga wedrenne wat in verskillende dorpe oor die Vrystaat plaasgevind het. Die bane was baie uitdagend, maar die leerders het baie goed gevaar. Ons het 4 leerders wat deurlopend in al vier wedrenne podiumplekke behaal het. Ricco Fourie behaal 'n 1ste plek in die Sub-nipper seuns afdeling en Nel Schütze 'n 2de plek in die Nipper seuns afdeling. Lanè Fouchè behaal 'n eerste plek in die Sprog dogters en Clara Claasen 'n 3de plek in die Sub-nipper dogters afdelings. Jordania eindig 3de in die XCO reeks en 4de in die XCM reeks. Hierdie is voorwaar 'n uitstekende prestasie.

Lanè Fouchè en Nel Schütze neem ook deel aan die Vrystaat reeks en word opgeneem in die Vrystaatspan. Lané Fouche eindig 1ste in die Vrystaat vir Sprog dogters en word genomineer as Vrystaat fietsryer van die jaar.



Bergfietsry is 'n avontuurlustige sportsoort waar kinders uithou vermoë leer asook om grond te koop wat nie geld kos nie. Ons sien uit na die 2024 seisoen.

Tanya Pretorius

4.3 Hokkie

Die 2023 Hokkieseisoen was 'n kort seisoen van mini-hokkie toernooie en liga-wedstryde.

Ons is trots daarop dat ons in al 7 liga's as ligawenners uit die stryd getree het. Ons 1ste dogters span onder leiding van Me. Nadia Viljoen het ook as wenners van die Noord-Vrystaat liga die seisoen afgesluit en deelgeneem aan die *Champs of Champs* toernooi te Potchefstroom waar hul 9de geëindig het teen baie sterk kompetisie van verskeie provinsies.

Ons is bevoorreg om 5 Senior dogterspanne asook 4 Senior seunspanne te kon hê hierdie jaar. Ons het nie soveel wedstryde gespeel met al die spanne soos ons graag wou nie, maar ons sien uit na die vooruitsigte van 'n voller wedstrydprogram in 2024.

Ons lewer in die 2023 hokkieseisoen 5 Thabo Mofutsanyana dogterspelers op wat aan die SASHOC streekstoernooie deelgeneem het tydens die Junie/Julie vakansie asook 4 seuns in die Noord-Vrystaat A-span wat aan SASHOC IPT te Bloemfontein deelgeneem het. Ons is baie trots op hierdie spelers.

Die Mini-hokkie het aan 3 toernooie deelgeneem. Ons spelers was ook blootgestel aan die Astro oppervlakte tydens die toernooie. Dit is die 2de jaar waar ons 4-6 spanne van elke ouderdomsgroep by die dogters gehad het, asook 2-4 spanne by die seuns per ouderdomsgroep.

Afrigters het ook die geleentheid gehad om hierdie jaar hul vaardighede op te skerp tydens 'n afrigtingkursus en gradering. Ons sien uit vir die 2024 seisoen!

René van Staden

4.4 Krieket

Ons krieketseisoen is tans nog besig. Ons speel in die TBM – liga en ons spog met drie spanne in elke ouderdomsgroep. Ons o/9A en B, o/11A en B en ons o/13A en B spanne speel in verskeie toernooie en vaar oor die algemeen baie goed.

Grey Bash: o/11 en o/13 neem deel



Super 8: o/11A – eindig 4de en o/13A – eindig 3de

Jordania o/9 Toernooi: o/9A en B wen al hul wedstryde

Graanveldtoernooi: o/11A – eindig 2de, o/11B – eindig 4de, o/13A – eindig 1ste, o/13B – neem deel

Ander toernooie waaraan ons deelneem is die Newton toernooi te Kimberley (o/13A-span) en aan die St Andrew's toernooi te Bloemfontein (o/11A-span).

Hoogtepunte:

- Agt van ons o/13 dogters word ingesluit in die TBM dogtersspan.
- In die o/11A TBM span het ons 4 seuns (Joshua Strauss – kaptein)
- In die o/11B TBM span het ons 3 seuns
- In die o/13A TBM span het ons 3 seuns (Pieter Wessels – kaptein)
- In die o/13B TBM span het ons 5 seuns (Tian Jordaan – onderkaptein)
- Kamohelo Mokhete word ook tot die o/11A Vrystaatspan verkies.

Ons krieketspanne vaar oor die algemeen baie goed en sien uit na 'n goeie seisoen.

Francois Grové

4.5 Landloop

Landloop presteer puik hierdie jaar. Daar is 2 keer per week geoefen. Gespesialiseerde oefensessies by Ebarnie Cilliers is steeds beskikbaar. Die beginners of enige leerder wat net fiks wil word kan by die skool deelneem.

Oefeninge word by die skool op die A-rugbyveld gehou, sodat meer leerders, asook dié in die nasorg dit kan bywoon.

Bethlehem Marathon klub se besigheidsaflos is ook weer in samewerking met ons aangebied, wat 'n reuse sukses was

Die volgende leerders het provinsiale spanne verteenwoordig:

Die Oos-Vrystaatspan vergroot vanaf 15 (2021) en 27 (2022) na 28 (2023). Die volgende atlete haal die Vrystaatspan na die SA kampioenskappe en presteer as volg:

Dogters o/13	Leigh-Anne Meyer 9de
Dogters o/11	Demaine van Deventer 5de
	Karmi Verster 9de
Dogters o/9	Amira Potgieter 6de



Seuns o/12	Ruhan Cilliers 14de
	Dehan Cilliers 16de
Seuns o/9	Gidon Verster 46ste
Seuns o/8	Christopher Schütze 55ste

Die doel van landloop by Jorries is om pret te hê. Om leerders met potensiaal te identifiseer en om ander fiks te maak. Dit kweek 'n liefde vir gesond wees en oefen. Ons sien uit daarna om meer leerders volgende jaar te betrek.

Dingena de Klerk

4.6 Netbal

In 2023 spog ons verseker met die meeste netbalspelers wat in die afgelope 10 jaar netbal gespeel het. Ons het by elke span vanaf o/7-o/13 ten minste 5 volledige spanne gehad wat aan die sport deelgeneem het. Alhoewel daar nie altyd vir almal wedstryde was nie, het elke speler hierdie jaar ten minste 'n wedstryd of 3 vir die skool gespeel.

Ons begin die seisoen op 'n hoë noot tydens die Super 8 Netbal te Kroonstad. Na die naweek waar elke span 7 wedstryde gespeel het eindig ons netbalspanne as volg:

- o/10 – 7de
- o/11 – 5de
- o/12 – 1ste
- o/13 – 1ste

Ons speel vir die 1ste keer in die Wesgrow-reeks wat verseker dat ons teen sterker kompetisie deelneem. Na afloop van die Thabo Mofutsanyana liga speel 11 uit 12 spanne in die finale en wen 9 uit 12 spanne hul onderskeie ligas. Die o/12A en o/13A spanne dring deur na die Vrystaat Kampioenskappe waar die o/13A netbalspan onder leiding van Mnr. Casper Knoester 3de eindig en kwalifiseer vir die SA Netbalkampioenskappe wat plaasgevind het te Boksburg.

Tydens die Thabo Mofutsanyana netbalproewe word 8 spelers – 4 o/12's en 4 o/13's gekies vir die TBM span om aan die Vrystaat proewe deel te neem. Hier word 2 van ons spelers Kayla Liebenberg (o/12) en Kesia Nel (o/13), gekies om die Vrystaatspan te verteenwoordig tydens die SA All Ages toernooi.



Ons is baie trots op elke afrigter en speler wat hierdie seisoen hard gewerk het en sukses behaal het.

René van Staden

4.7 Rugby

Ons het die jaar 'n baie goeie seisoen beleef.

Ons A-spanne speel in die Wesgrow-liga. Die liga bestaan uit die volgende skole: Jordania, Truida Kestell, PBS, Willem Postma, Universitas (Tjokkies) en Fichardtpark. Ons vaar uitstekend in die liga. Ons o/11A en 13A neem deel in ons eie rugbytoernooi en altwee wen hul afdeling. Beide die spanne speel ook in die Super 8 toernooi en kwyt hulle goed van hul taak. Ons o/9A span speel 11 wedstryde in total, die o/11A's 15 en ons o/13A span 16 wedstryde.

Ons B-spanne speel in die Wesgrow reeks en ook in die Oos-Vrystaat A-liga. Die seuns het baie goed gevaar en het baie blootstelling gekry teen verskeie skole. Ons o/11B – span vaar besonder goed en eindig tweede in die Oos-Vrystaat A-liga. Ons o/9B-span speel in totaal 11 wedstryde en eindig 8ste in die Oos-Vrystaat liga. Ons o/11B-span speel in totaal 17 wedstryde en neem ook deel in die Super 8 toernooi. Ons o/13B-span speel in totaal 13 wedstryde en eindig 6de in die Oos-Vrystaat liga.

Ons C-spanne speel in die Wesgrow reeks en ook in die Riemland-liga. Die Riemland-liga bestaan uit die volgende spanne: Jordania C, Truida Kestell C, JA Malherbe A, NHC Bethlehem A en NHC Harrismith A. Ons C-spanne kry swaar in die liga en ons sal die liga moet hersien. Ons o/9C-span speel in totaal 10 wedstryde, ons o/11-span speel in 11 wedstryde en die o/13C-span speel 11 wedstryde.

Ons bulletjie-rugby speel in 4 plaaslike toernooie en ons lewer 4 spanne op die jaar. Ons Graad R's speel ook in plaaslike toernooie en ons lewer ook 4 spanne.

Die volgende seuns word opgeneem in die onderskeie Griffonsspanne:

o/12:

Daniël de Beer	– o/12A
Johanno Strydom	– o/12B
Mehan Strydom	– o/12B
Janco Jooste	– o/12B



Juan du Toit	– o/12B
Lihan van Huyssteen	– o/12B
o/13:	
Henri Muller	– o/13A
Tian Jordaan	– o/13A
Melcom Tsibela	– o/13B
Louis Uys	– o/13B (beseer)
Luaan Pieters	– o/13C
Matthew Botha	– o/13C
Pieter Wessels	– o/13C

Ons sien uit daarna om volgende jaar weer 'n suksesvolle rugbyseisoen te beleef.
Francois Grové

4.8 Skaak

Die skaak het vanjaar goed gevaar. Ons het 7 spelers wat Vrystaatkleure verwerf het. By die Super 8 Skaaktoernooi het ons 'n vierde plek behaal. Tydens die Ernst Weideman Skaaktoernooi vir Bethlehem skole is ons as algehele wenner aangewys en het 4 uit die 5 bordpryse verower. Die volgende leerders word in die onderskeie Vrystaatspanne ingesluit:

o/10:	Joshua Strydom
o/12:	Marinus van der Merwe
	Arno Labuschagne
	Wian Steyn
	Ewan Sartain
	Luan Strydom
o/14:	Hanco Steyn

Ons is baie opgewonde oor die toekoms van skaak by die skool, aangesien ons 'n mooi klompie spelers het wat deelneem en goed vaar.
Elda Louw

4.9 Tennis

Gedurende 2023 het Jordania se tennis 'n suksesvolle seisoen agter die rug. Ons het in die derde kwartaal ligawedstryde gespeel, waar daar 6 senior spanne deelgeneem het en twee o/10 spanne. Van hierdie 8 spanne het 4 die ligas verower en 1 slegs



vriendskaplik gespeel. In die Oos-Vrystaat is ons skool die top tennisskool wat prestasie aan betref en het ons die meeste ligas gewen as geheel.

Daar is gedurende hierdie jaar weer aan verskeie toernooie en toere deelgeneem. Die o/11 en o/13 Weelie Limodo toernooie, Amanda Coetzer tennistoernooi en die 1ste seuns en dogters tennisspanne het na Potchefstroom getoer waar hulle die geleentheid gekry het om op kleibane te speel. Dit was 'n lekker ervaring vir hierdie spelers. Ons wen ook weereens die Super 8 toernooi.

Gedurende die Koringaar reeks wat in Bethlehem aangebied word, neem 24 van ons spelers deel aan die provinsiale reeks en verwerf kleure vir tennis. Die TBM proewe vir 2024 word reeds in 2023 gespeel en gaan daar 30 van ons Jorries deelneem aan die proewe. Ons is geweldig trots op al ons spelers. Tennis gaan jaarliks van krag tot krag by Jordania.

Carli van Schoor

5. KULTUUR

Ons poog om by die skool 'n goeie balans tussen aktiwiteite te handhaaf en moedig ook ons leerders aan om aan kultuuraktiwiteite deel te neem. Ons leerders het dan ook soos gewoonlik baie goed gevaar in hierdie afdeling van die skool.

Hierdie jaar was ons bevoorreg om 'n massa musiekblyspel, *Jorrieville*, aan te bied, waaraan sowat 850 leerders deelgeneem het. Dit was 'n produksie van hoogstaande gehalte en is baie goed deur die groot gehore en vol sale ontvang. Talle leerders neem ook deel aan eksterne kompetisies en vaar puik. Van ons leerders het ook hul Unisa klavier musieksamens geslaag. Ons leerders neem ook graag aan kultuuraktiwiteite buite skoolverband deel, bv. dans, kuns, kitaar, blokfluit, ens., waarin baie van hulle uitstekend presteer. Baie dankie aan almal wat betrokke was by die organisering van kultuuraktiwiteite by die skool. 'n Opsomming van die onderskeie aktiwiteite is as volg:

5.1 Bybelvasvra

Die Bybelvasvra het met 'n rekord getal van 13 spanne begin. Die wat gedink het dit is maklik het gou besef daar is ook bietjie werk daaraan verbonde. Ons het die boeke Deuteronomium 1-4, Mattheus 1:18-14 en Fillipense 1-4 gehad om te leer. Aan die einde van September neem 'n volle 5 spanne aan die vasvra deel. Dit is ook 'n eerste in die Oos-Vrystaat dat daar so baie spanne van een skool deelneem. Ons het nou wel nie die Top 10 behaal nie, maar ons het dit baie geniet en baie geleer. Dankie vir elke



leerder se harde werk deur die jaar. Ons sal volgende jaar meer gereed wees vir die kompetisie.

Riza Fourie

5.2 Eisteddfod

Ons leerders het aan die Harrismith Eisteddfod deelgeneem en baie goed gevaar in verskeie afdelings naamlik kuns, klavier, musiek, dans en Afrikaanse en Engelse prosa en poësie, asook gedramatiseerde prosa en poësie. Baie geluk en dankie ook aan alle persone wat as afrigters en beamptes opgetree het. Ons behaal die volgende simbole: 9 A+++, 46 A++, 37 A+ en 17 A's. Die volgende leerders ontvang merietetoekennings in verskillende afdelings:

- Milé Bezuidenhout: Klavier
- Rigardt Strydom: Spraak en drama
- Karmi Verster: Klavier
- Leonelle van Niekerk: Strykinstrument
- Leonelle van Niekerk: Engelse opstel

Ons spreekkore vaar uitstekend. Twee groepe het deelgeneem en beide behaal 'n A++. Volgende jaar vind die Bethlehem Eisteddfod weer plaas en on gaan poog om meer leerders daarvoor in te skryf.

Tanya Pretorius

5.3 Koor

Talle leerders het weer hierdie jaar aan Koor deelgeneem. Sowat 80 leerders het hierdie jaar aan die senior koor deelgeneem. Die senior koor het as gevolg van die musiekblyspel waarby hulle betrokke was nie by so baie geleenthede opgetree nie. 67 leerders het hul plekke volwaardig in die junior koor volgestaan hierdie jaar. Junior koor is die plek van leer en geniet. Elkeen speel hulle eie unieke rol in die koor. Dit is waar ons 'n liefde kweek vir sing en musiek. Die junior koor neem deel aan die Eisteddfod en behaal 'n B in hul afdeling.

Jordania bied ook al vir die afgelope 2 jaar 'n Lente koorfees aan waar daar verskeie skole van reg oor die Vrystaat kom sing. Die leerders sluit dan die aand af met 'n massakoor item waar al die skole saamsing op die verhoog. Hierdie was 'n pragtige aand en ons beoog om in die toekoms dit 'n jaarlikse instelling te maak. Ons wil graag hê die koorfees moet groei en dat meer skole sal deelneem.



Die Senior koor het iets gedoen wat nie elke jaar gebeur nie – die kinders was blootgestel aan stemopnames. Die koor is opgeneem vir al die liedjies wat gesing is in ons Jorrieville musiekblyspel. Baie van die koorleeders was ook individueel opgeneem in die studio. Hierdie was vir die leerders 'n ongelooflike ondervinding. Dit was harde werk om 24 liedjies vir die leerders aan te leer wat hulle glad nie geken het nie. Hierdie was 'n goeie leerskool vir die leerders en die 50's genre is bekendgestel aan hulle. Dit was musiek wat hulle glad nie geken het nie en die leerders het dadelik daarvan gehou. Dit was 'n geleentheid wat die kinders altyd sal onthou.

Tanya Pretorius en Riza Fourie

5.4 Musiekblyspel - Jorrieville

By Jordania poog ons om elke 4de jaar 'n Musiekblyspel aan te bied. Hierdie jaar het ons Pretville verwerk en Jordania het sommer vinnig in Jorrieville verander. Soos die slagspreuk van die musiekblyspel hom uitleen: Die musiekblyspel wat jou voete die ritteltits gee en jou bui vol versiersuiker strooi, was dit ook inderdaad so. Al die leerders van Jordania het aan die musiekblyspel deelgeneem. Die kinders het self gesing en gedans. Ouers en onderwysers het ook die geleentheid gekry om 'n rol te speel. Ouers het ingespring en gehelp met dekor, rekwisiete, en kostuums. Dit was ongelooflik hoe die Jordania ouers hulle hulp aangebied het. Hierdie projek was maar net weer 'n bewys dat Jordania saam hande vat en alles 100% doen! Wees verseker dat hierdie onvergeetlike ervaring vir altyd by u kind sal bly.

Tanya Pretorius

5.5 Pom-poms

Op 16 en 17 Januarie skop ons af met Pom-Pom oudisies en kies 27 dogters. Ons oefen op Maandae by Illusion Dance Studio. Die nuwe reëling het gemaak dat ons dogters baie beter kon ontwikkel, aangesien Nadine Mollentze die nodige toerusting daar het.

Die Pom-Poms se eerste optrede was tydens Jordania se kermis. Ons spog ook met ons dogters op die Opedag en by die Graad R Netbal- en Rugbydag kon ons die skool se naam hoog hou met 'n pragtige vertoning op 'n koue mistige oggend. Die 27ste Julie tree die dogters op by Efrata Kerk se basaar. Daar hoor ons by baie mense hoe oulik die dogters was en Ds. Dougy Bubb besluit om saam met ons dogters wawiele te maak.



Ons dogters het lank en hard gewerk vir die spesiale dag by *Show Your Talent* in Vanderbijlpark. Ons was baie trots om te hoor dat ons goue medaljes verwerf het, asook om gekies te wees vir die span wat Suid-Afrika kan gaan verteenwoordig by *Americas Got Talent*. Ons was ook vir die *Show case* genooi, waar ons aangewys was as die Junior Pom-Pom groep van die jaar.

Asof bogenoemde prestasie nie goed genoeg was, het ons die 30ste Augustus by die Revista Kompetisie in Bloemfontein gaan deelneem waar ons 'n A++ verwerf het. Die beoordelaars kon nie uitgepraat raak oor hoe mooi ons dogters vertoon en gekoördineer is nie en dat ons baie vriendelik was.

Ons Pom-Poms het ook op 11 September Sonskyn Dienssentrum, Residentia en Bergprag besoek en die bejaardes se harte bly gemaak met hul vertonings. Clarens het gegons oor ons pragtige dogters se vertoning by die Clarens "Juweel van die Vrystaat" basaar. Ons laaste optredes vir die jaar is tydens die Kaskardag, *Illusion Dance Studio* se konsert en Tingeling se Country Karnaval.

Ons sien reeds uit na volgende jaar en is trots daarop dat hierdie jaar 'n baie suksesvolle pom-pom jaar was.

Angé Nel

5.6 Redenaars

Die redenaars het hierdie jaar weer goed gevaar en die skool verteenwoordig by verskeie geleenthede. By ons skool se Interne Redenaarskompetisie is Mioné Swart, Luan Strydom en Lené Labuschagne in hulle verskillende kategorieë as wenners aangewys. Nege leerders het na die Vrystaat se semi-finale rondte van die ATKV deurgedring. Leonelle van Niekerk, Jané van den Berg en Danielle Venter het onder die Top 10 in die Vrystaat geëindig.

Drie leerders het na die nasionale rondte van die Radikale Redenaars deurgedring. Anabelle Bezuidenhout het daar 'n tweede plek behaal. Anabelle, Aninke en Milé Bezuidenhout het ook na die Nasionale finaal van die Oppi-Tong-af kompetisie deurgedring en Milé het 'n eerste plek in haar kategorie verower. Hanzelle Hattingh het saam met haar span na die Nasionale finaal van die Artistatue redenaarskompetisie deurgedring. Ons het hierdie jaar weer in groot getalle aan die Senekal Redenaarsfees deelgeneem en verskeie toekennings in die onderskeie lokale gekry.



Karmi Verster, Leonelle van Niekerk en Danielle Venter dring deur na die Nasionale kompetisie van Podiumpret. Danielle is as kategoriewenner vir Afrikaans Onvoorbereide Redenaars by die Podiumpret Redenaarskompetisie in die Paarl aangewys. Haar naam word ook op 'n plaatjie by die Taalmonument aangebring.

Die temas vir volgende jaar se ATKV-kompetisie is reeds bekend en ons sien uit daarna om weer na ons redenaars se toesprake te kan luister.

Rosa Smith

5.7 Voortrekkers

Hierdie jaar was 'n hoogtepunt vir Jordania se Voortrekkers. Ons het al ons doelwitte bereik en ook baie nuwe lede gewerf.

Ons het die jaar begin met 'n kommandokamp en monumentuitstappie na Bloedriviermonument naby Dundee. Die leerders het in die ossewaens geslaap, ons Afrikaner geskiedenis geleer en ook die Zulu monument besoek. Dit is opgevolg deur 'n Ysbeerkamp en twee Doornkloof gebiedskampe waar die leerders kentekens verwerf het soos varswaterdiere, weerkennis, godsdiens, noodhulp, veldvernuf, ens. 'n Hoogtepunt was die graad 7 Voorslagkamp waar ons vier goud en een silwer verwerf het. Die leerders het hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Ons het ook die DBV besoek waar ons teruggegee het aan die gemeenskap. Ons is tans steeds besig met 'n muntlegging waar ons beoog om die geld aan Pathways te skenk. Ons groot fondsinsameling die jaar was 'n speletjiesaand by die skool en dit het ons verwagtinge oortref.

Vir 2024 is ons doelwitte om nog meer lede te werf en leerders bewus te maak waaroor Voortrekkers gaan. Wanneer ons fokus op behoeftes vir 2024 is ons baie gelukkig met dit wat die skool reeds vir ons bied en dankbaar vir al die hulp van die skool. Die Jordania kommando is in 'n groeifase en is opgewonde oor dit wat beplan word vir 2024!

Anika Welman

6. TOEKENNINGS

Ons was bevoorreg om weer hierdie jaar toekenningsgeleentheid vir ons leerders te kon hou. Daar is drie geleentheid gewees: vir Graad R-1, Graad 2-3 en Graad 4-7 onderskeidelik. Ons het weer die formaat gebruik waar alle leerders in Graad R-3 'n sertifikaat ontvang. Dit is dan ook met 'n konsertvertoning deur elke klas opgevolg. Vir



Graad 4-7 word slegs leerders wat uitsonderlike prestasies in akademie, sport en kultuur behaal het na die toekenningsaand genooi. Die volgende toptoekennings is gemaak:

Dux leerder:	Sonelle Jonker
Kultuurdogter:	Leonelle van Niekerk
Kultuurseun:	Rigardt Strydom
Sportdogter:	Demaine van Deventer
Sportseun:	Pieter Wessels
Veelsydigheid – Dogter:	Danielle Venter
Veelsydigheid – Seun:	Rigardt Strydom
Mike Gillam trofee:	Uriahné Beukes en Doreen Naudé
Knobel toekenning:	Annabelle Grobbelaar

Baie geluk aan al ons leerders wat toekennings ontvang het. Ons is baie trots op al ons leerders en wat hulle bereik het.

7. SKOOLGETALLE

Die skoolgetalle is redelik stabiel. In sekere grade word getalle wel beïnvloed deur ouers wat verhuis weens werksomstandighede. Ons het ook 'n aantal leerders bygekry vanaf ander skole wat na Bethlehem verhuis het. Die getalle het redelik konstant gebly behalwe in enkele grade waar daar 'n aantal plekke beskikbaar is. Die leerdergetalle per graad staan tans as volg:

- Graad R: 93
- Graad 1: 105
- Graad 2: 111
- Graad 3: 129
- Graad 4: 100
- Graad 5: 108
- Graad 6: 117
- Graad 7: 107
- Totaal: 870

Daar is 4 klasse elk in Grade R, 4, 5, 6 en 7. Grade 1, 2 en 3 bestaan uit 5 klasse per graad. So kan ons die leerdergetal per klas so laag as moontlik hou om meer aandag aan individuele leerders te kan verskaf.



8. SKOOLLEIERS

Ons leierontwikkelings- en verkiesingsbeleid, wat behels dat alle Graad 7 leerders hulself as leiers van die skool beskikbaar kan stel, is steeds in werking. Die meerderheid van die Graad 7 leerders het hieraan deelgeneem en is in 4 Jorrierade, nl. Akademiese raad, Sportraad, Kultuurraad en Terreinraad, ingedeel. Die Leerderraad, wat uit 10 seuns en 10 dogters bestaan, is in Julie verkies. Hulle het by ander bedrywighede betrokke geraak soos Onderwysersdag en die skoolhoof se verjaardag. Die leerderraad het uit die volgende leerders bestaan:

Dogters

Zané Bell
Anri de Jager
Elmé de Villiers
Zoë Ellis (Onderhoofdogter)
Anabelle Grobbelaar (Hoofdogter)
Sonelle Jonker
Mieke le Roux
Yovanka Malan
Leonelle van Niekerk
Zanike van Zyl

Seuns

Arno Bernard
Oskar Busch
Anru Erasmus
Henri Muller (Hoofseun)
Gerhard Nel
Sbu Tshabalala
Hanco Steyn
Janu Truter
Louis Uÿs (Onderhoofseun)
Pieter Wessels

Die stelsel werk baie goed omdat meer leerders die geleentheid kry om hul leierskapsvaardighede te ontwikkel. Ons het ook weer baie goeie terugvoer van ouers, leerders en personeel ontvang. Met 'n paar geringe aanpassings sal ons in die toekoms voortgaan met hierdie praktyk. Die huidige Graad 6 leerders wou naan die einde van die jaar 'n kamp by waar leieridentifisering kan plaasvind met die oog op volgende jaar se leierontwikkeling.

9. KOSHUIS

Ons is baie trots op ons koshuisleerders wat 'n groot bydrae hier by die skool lewer. Die koshuis was deur die jaar redelik vol en leerders het die koshuislewe weer baie geniet. Ten spyte van die afstand vanaf die huis en die verlange wat daar soms is, leer ons koshuiskinders vroeg reeds om selfstandig te wees en vaar hulle oor die algemeen baie goed in alle afdelings van die skool. Die volgende leerders was koshuisleiers en het hul goed van hul taak gekwyd:

Dogters

Anika Botha
Anieke Prinsloo

Seuns

Henri Muller
Louis Uÿs



Baie dankie aan me. Elsa van Huyssteen, wat saam met die ander diensdoenende koshuispersoneel, positief bydra tot die leerders se lewens.

10. SOSIAAL

Om met ander persone te kan kommunikeer en oor die weg te kom is 'n allernoodsaaklike vaardigheid. Ons probeer aandag skenk aan die totale ontwikkeling van al ons leerders. Ons het skool so lekker moontlik probeer maak deur spesiale dae te organiseer. Leerders leer meer van hulself en hul maats op geleenthede soos kampe, sokkies, kultuuraande, fliekaande, ens. Speletjiesaande en Bok Vrydae het ook plaasgevind wat die leerders baie geniet het. Kinders leer sosiale vaardighede aan deur middel van sosiale aksies en situasies waarin met ander oor die weg gekom moet word. Ons sal volgende jaar weer aan leerders se sosiale vaardighede aandag gee.

11. DISSIPLINE EN WAARDEGEDREWE ONDERWYS

Ons jaartema was: "*Goeie maniere*". Vir ons is dit nodig dat leerders weet hoe om op die regte manier op te tree. Deur gereelde gesprekke het ons beoog om leerders daarvan bewus te maak daarvan dat goeie maniere baie belangrik is en jou vêr in die wêreld sal bring. Gemeenskapsprojekte wat ons ondersteun het was die *DBV*-insameling, *Santa Shoebox* in samewerking met die *Round Table* en Bloedskenk saam met die SA Nasionale Bloeddiens. So het ons leerders en ouers weer geleentheid gekry om 'n verskil in die wêreld te maak. 'n Baie suksesvolle teen-boelie veldtog is gehou om leerders bewus te maak van die tekens en gevare van boelie en hoe om op te tree in sulke situasies. Dit het plaasgevind in die vorm van inligtingssessies en optredes aan ouers en leerders. Ons het deurentyd baie min ernstige dissiplinêre probleme gehad en oor die algemeen was leerders se gedrag goed. Daar is natuurlik altyd ruimte vir verbetering. Daarom sal ons aanhou met ons waardesprogram omdat ons glo dat ons 'n verskil in elke kind se lewe kan maak, deurdat ons positiewe gesindheid en gedrag daardeur bevorder.

Ons weeklikse Jorries-vir-Jesus byeenkomste is ook groot pitkos vir ons leerders. Op Woensdae-oggende kom ons Jorries voor skool in massas in die saal bymekaar, waar ons 'n boodskap ontvang uit die Woord van God en saam bid en lofprysing doen. Ons Graad 7 leerders het ook die wonderlike voorreg gehad om hierdie jaar twee Josuakampe te kon bywoon. Elke Jorrie-leerder beleef die kampe baie verrykend. Hierdeur probeer ons aan ons leerders se geestelike welstand aandag gee. Baie dankie aan die span wat sorg vir hierdie baie belangrike saak.



12. OUERBETROKKENHEID

Ons ouerverenigings, per graad, het weer baie goed gefunksioneer. Talle ander ouers het ook baie tyd en insette gelewer wat betref afrigting, ondersteuning, organisering en finansies. Baie dankie vir elke ouer wat op 'n positiewe wyse tot die skool se sukses bygedra het deur fondsinsamelingsgeleenthede te ondersteun, donasies te maak en tyd af te staan om van hulp te wees by die verskillende aktiwiteite. Positiewe ouerbetrokkenheid is die verskil tussen 'n goeie skool en 'n skool van uitnemendheid. Positiewe ouerbetrokkenheid bly die beste bemarking vir ons skool en ons sal dit ook volgende jaar wil verbeter deur nog meer ouers betrokke te kry.

13. PERSONEEL

Tans bestaan ons personeelkorps uit 'n totaal van 62 persone. Die samestelling is as volg:

- Onderwyspersoneel – 40 (27 ten volle, 1 gedeeltelik deur FSDOE)
- Assistent onderwyspersoneel – 7
- Administrasie personeel – 5 (1 deur FSDOE)
- Terreinpersoneel – 10 (2 deur FSDOE)

30 van ons personeel word ten volle deur die Vrystaat Departement van Onderwys (FSDOE) vergoed en 1 word gedeeltelik deur hulle vergoed. Die ander 31 persone word deur die Beheerliggaam self betaal. Verder is daar ook 'n hele aantal persone wat op kontrakbasis dienste soos arbeidsterapie, spraakterapie, nasorg, lees en sportafrigting by die skool aanbied.

Die personeelsamestelling het 'n aantal veranderinge getoon. Me. Alecia Marais (Afrikaans Graad 5), me. Minge Marx (Wiskunde Graad 5), me. Sunel Stoffberg (Engels Graad 5 en Wiskunde Graad 4) en mnr. Henco Botha Wessels (Engels Graad 5) het as onderwysers by ons aangesluit. Me. Elisna de Lange het as onderwysassistent by ons aangesluit. Gedurende die jaar het me. Nadine Pretorius as administratiewe beampte in die plek van me. Natasha Burger (Engels Graad 5) by ons aangesluit. Die nuwe personeel het sommer gou deel van die Jorrie-familie geword.

Me. Erika Knobel is steeds sedert Mei 2021 op langtermyn siekverlof. Me. Inge Pretorius het ons op 1 Augustus verlaat. Aan die einde van hierdie jaar groet ons vir Me. Nadia Viljoen (tuisbly mamma) en me. Tanja Hattingh. Me. Elizia Gildenhuys is as administratiewe beampte aangestel vanaf 1 November in me. Hattingh se plek wat na Mosselbaai verhuis. Sy was vir 11 jaar deel van die administrasie kantoor. Mnr. Henco



Botha (aanvaar 'n pos by Hoërskool Garsfontein te Pretoria) en me. Alecia Marais (ernstige motorongeluk) verlaat ons ook aan die einde van die jaar. Dr. Andre Smith en me. Rosa Smith verhuis na Mosselbaai, waar hulle poste aanvaar het. Hulle verlaat die skool na 12 jaar se getroue diens. Onderwysassistente wat afstudeer het is me. Kayla Posthumus wat 'n pos te Morgenzon aanvaar het en Mnre. Beneke Jonker en Pieter Roos wat albei poste by Hoërskool Harrismith aanvaar het. Aanstellings vir 2024 sal eersdaags gefinaliseer word sodat die akademiese program gereed kan wees in Januarie.

Ons is trots op ons personeel se werk. Hulle wil net die beste vir ons kinders hê. Baie dankie aan elke personeellid vir julle insette om van hierdie 'n 100%-skool te maak.

14. TERREIN, GEBOUE, VOERTUIE EN VEILIGHEID

Ons is baie trots op ons netjiese geboue en terrein en probeer dit altyd so hou. Die skoolgeboue en terrein is in 'n goeie toestand deurdat daar gereelde onderhoud gedoen word. Verbeterings en opknappings is ook aan die skoolgeboue en terrein gedoen sodat dit vir leerders en personeel doelmatig is.

Waar nodig is klaskamers gevef, plaveisel aangelê en tuine verfraai. Drie kantore is verbeter vir die departementshoofde en terapeute. Nuwe tel- en naamborde is by die skool se sportvelde opgerig wat somer spoggerig lyk. Die Graad R terrein is verfraai met tuine, plaveisel, verf van speelapparaat en nuwe apparaat. Dit lyk nou somer pragtig! Die tennisbane en-drade is in totaliteit oorgedoen en lyk nou somer weer splinternuut. Die aanbring van rugsteun- en alternatiewe kragbronne behoort voor die einde van die jaar voltooi te wees, sodat die skool normaal kan voortgaan tydens beurtkrag.

Ons voertuie is steeds in 'n goeie toestand en word elke jaar padwaardig gehou. Voetgange en parkeerstrepe word ook jaarliks gevef vir beter sigbaarheid.

Daar word kwartaalike veiligheidsinspeksies van die terrein deur die veiligheidskomitee onderneem. Die skool se noodplan is ook inge oefen om vir enige gebeurlikheid reg te wees. Ons leerders se veiligheid is vir ons baie belangrik en ons sal sorg dat die terrein en voertuie deurgaans veilig en gerieflik vir hulle is.

Waar nodig en moontlik, sal uitbreidings ook in die toekoms gedoen word. Baie dankie aan die Beheerliggaam en spesifiek die terreinpersoneel, onder leiding van mnr. Ben van den Berg, vir hul volgehoue insette in hierdie verband.



15. FINANSIES

Finansies bly maar altyd 'n netelige saak, maar ons moet beseef dat ons ook nie daarsonder kan klaarkom nie.

Ongelukkig is dit so dat kwaliteit opleiding geld kos en ek dink almal weet al dat ons as skool baie min finansiële ondersteuning vanaf die onderwysdepartement ontvang. Om al ons uitgawes te dek is ons grootliks aangewese op die betaling van skoolfonds van ouers. Op hierdie punt wil ek vir Jordania se ouers 'n klop op die skouer gee – ouers wat steeds hul bes probeer om skoolfonds te betaal in moeilike ekonomiese tye. Dit getuig van die 100% ouerkorps wat ons het.

Ongelukkig is dit ook so dat ons meer as 1 miljoen rand se slegte skuld het, en dan reken ek nie eers die vrystelling op skoolgelde wat ons moes toestaan in nie, soos deur wetgewing bepaal. Deur effektiewe besparingsmaatreëls, sowel as deeglike beplanning, fondsinsamelings en gesonde finansiële strukture kon ons dit steeds regkry om alle noodsaaklike uitgawes en dienste vir die jaar te betaal.

Ek doen 'n beroep op ouers om ook volgende jaar voort te gaan om die skool in hierdie saak te ondersteun. Baie dankie ook aan elke ouer wat 'n bydrae gelewer het rakende skenkings, fondsinsamelings en ander projekte. Dit word opreg waardeer. Dit is die enigste manier hoe ons kwaliteitonderrig aan ons kinders kan verskaf en ons ons standarde hoog kan hou. Jordania is in elk geval een van die mees bekostigbare skole van sy soort – landswyd, met inagneming van klasgroottes, akademiese standaard, fasiliteite, dienste, aktiwiteite en prestasies. (Doen maar gerus u navorsing.)

Baie dankie aan die Beheerliggaam, finansiële komitee en personeel wat ons fondse oordeelkundig aanwend.

16. BEHEERLIGGAAM

Die Beheerliggaam het weer uitstekend gefunksioneer onder leiding van mnr. Rudi Jansen van Vuuren. Hulle het groot werk gedurende die afgelope drie jaar verrig, soms in baie moeilike omstandighede. Dit is 'n voorreg om sulke bekwame persone by die skool betrokke te kan hê wat hulp, raad en leiding op verskillende gebiede kan verskaf, o.m. finansies, aanstellings, instandhouding, regsake, fondsinsamelings, sport, kultuur, ens. Baie dankie vir die tyd wat u aan die skool afstaan. Volgende jaar gedurende Maart is dit weer tyd vir Beheerliggaamverkieings. Ons glo dat die regte persone verkies sal word aangesien dit 'n belangrike tyd is wat voorlê weens die implemetering



van die veelbesproke BELA-wetgewing en die impak daarvan op veral Afrikaanse skole. Die nuwe Beheerliggaam sal ook daarvoor verantwoordelik wees om 'n nuwe skoolhoof aan te stel wat opsigself 'n reuse taak gaan wees.

17. SAMEVATTING

Dit is vir my baie aangenaam om te verklaar dat die Primêre Skool Jordania steeds van krag tot krag gaan. By Jordania is ons trots op die totale opvoedingsproduk wat ons aan leerders verskaf. Deur deursettingsvermoë, kreatiwiteit en innovering aan die dag te lê kon ons ons standaard van onderwys en opvoeding so hoog moontlik hou deur gehalte onderrig aan elke leerder te verskaf. Die jarelange beginsel wat ons by die skool uitleef, dat ons elke dag ons beste moet lewer, het bygedra daartoe dat ons pro-aktief planne kon beraam tot voordeel van ons kinders.

Ons uiteindelijke doelwit is altyd om die toon aan te gee wat onderwys in die provinsie betref. Jordania bly een van die topskole in die provinsie en onder die voorlopers betreffende Afrikaanse onderwys in die land! Ons fokus moet steeds wees om 'n instelling van uitnemendheid te bly, ten spyte daarvan dat die wêreld partykeer op sy kop gekeer is.

Warren Buffett het gesê: "*Iemand sit vandag in die skadu, want iemand het lank gelede 'n boom geplant*". By Jordania sal ons altyd toegewyd wees om 'n 100% gesindheid na te streef in wat ons doen om sodoende 'n beter toekoms vir ons leerders en toekomstige leerders te skep.

DR. ANDRÉ SMITH – SKOOLHOOF

